Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

OPREGTE BEDOELINGS, GEREGTIGHEID EN GEHOORSAAMHEID

Bepeins die volgende waarhede en hou dit in gedagte by die lees van hierdie artikel:

En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. Joh. 8:32.

There is no greater lie than a truth misunderstood – William James

The only thing worse than being wrong, is to be wrong and to not know it – Rabbi Rendelman

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegraad.

The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer.

Dikwels word die volgende van mense gesê: *Hy (sy) loop werklik 'n pad met die Here*, of *Hy (sy) is so opreg in sy (haar) verhouding met die Here*, of dat *hy (sy) soveel ywer vir die Here het*, of dat *hy (sy) so vol is van die Heilige Gees*. Hierdie, en soortgelyke stellings, is dan dikwels ten opsigte van mense wat weier om gehoorsaam aan Torah, naamlik YHVH se wet – Sy liefdevolle onderrig – te wees, selfs nie eers aan al tien die gebooie nie!

My vraag is egter of dit hoegenaamd moontlik is om YHVH-God op 'n intieme wyse te ken en om vol van die Heilige Gees te wees, indien 'n persoon weier om Vader-God se gebooie te gehoorsaam? Om hierdie vrae te vra is volgens sommige om dan oor ander te oordeel. Maar is dit oordeel? Is dit nie eerder om die basuin te blaas en te waarsku teen 'n ernstige misleiding wat in die Christendom bestaan nie?

Michael Brown spreek hierdie misleiding aan in 'n opebrief aan Joel en Victoria Osteen waarin hy ondermeer die volgende skryf:

> *Joel, I appreciate the fact that you end every service by asking people to get right with God, having them pray a prayer where they say to Jesus, "I repent of my sins, come into my heart, I make you Lord and Savior."*

The big problem is that you haven't told them what their sins are, and you haven't told them what real repentance is. And since you are speaking to people around the world, you can't possibly assume that all of them understand the meaning of sin and redemption and repentance. (Most American Christians don't even understand these things today.)

In short, you have not shared with them the whole counsel of God, and by telling them only part of the story, you have done what the false prophets of ancient Israel did: "You superficially treat the fracture of My people saying to them, 'All is well, all is well,' when nothing is well" (Jer. 6:14, my translation).

A true physician tells his patients what they need to hear, not what they want to hear. As one preacher of old, Jean Daille, once said, "Ministers are not cooks, but physicians and therefore should not study to delight the palate, but to recover the patient."

Have you been more of a junk-food cook than a physician? Have you been afraid to tell people their true condition? Have you been so concerned with making them feel good about themselves and giving them a sense of hope that you failed to diagnose their terminal sin disease?

Die volledige brief van Michael Brown kan gelees word by:
http://www.charismanews.com/opinion/in-the-line-of-fire/45340-an-appeal-to-joel-and-victoria-osteen

Is geloof in Yeshua as Messias en opregte bedoelings bepalend of ‘n persoon die geregtigheid van YHVH in Yeshua is? Wat vereis Vader van ons: Opregte bedoelings of gehoorsaamheid aan Sy Torah nadat ons deur geloof in Yeshua as Messias geregverdig verklaar is?

Is dit om te oordeel indien die Skrifte ons duidelik leer dat Vader-God se genade van vergifnis van sonde, naamlik oortreding van Sy gebooie (1 Joh. 3:4), **nie** gegrond is op goeie bedoelings en ywer vir God **nie**? Ontvang ons nie juis genade van vergifnis wanneer ons bely dat Yeshua die Messias is en wanneer ons ons sondes bely en ons dan bekeer van moedswillige ongehoorsaamheid aan die Vader se Torah (wet) nie? Geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah vorm die basis van YHVH se geregtigheid! Dit is nie geloof en opregte bedoelings wat jou en my redding verseker nie!! Nee, dit is vertroue in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan Vader-God se Torah wat jou en my redding verseker!

As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1 Joh. 1:9 – PWL[1].

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Soos reeds genoem, is sonde die oortreding van Vader-God se wet (Torah). Luister aandagtig na die woorde van die Apostel Johannes:

…en elkeen wat hierdie versekerde verwagting in Hom het, reinig homself soos Hy rein is, maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees. Julle weet dat Hy openbaar is om ons sondes weg te vat en dat daar geen sonde in Hom is nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. Kinders, laat niemand julle mislei nie: wie onpartydig opreg is, is onskuldig net soos Hy, Die Gesalfde Een, onskuldig is. Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig. 1 Joh. 3:3 tot 8 – PWL.

Dit is veral die volgende woorde wat tot ons elkeen moet deurdring, naamlik: ***maar elkeen wat sondig, breek die wet (Torah). Eintlik is sonde om sonder die wet (Torah) te wees.*** Neem kennis van wat Johannes dan ook byvoeg, naamlik: *Hy wat sonde doen (ongeregtigheid doen), is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar.* Diegene wat dus moedswillig YHVH se wet oortree, is die teenstander van YHVH-God!! Kan 'n teenstander van YHVH gered wees of vol van die Afgesonderde (Heilige) Gees wees?

Dit beteken tog dat elkeen wat YHVH se Torah verwerp as uitgedien, en hulself daarom as vry van die wet beskou, **sondig en is sonder die wet – hulle is wetteloos!!** Dan voeg Johannes ook die volgende by: ***Elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie*****!!** Luister en hoor die woord van YHVH: Elkeen wat aanhou om moedswillig die wet te oortree, soos byvoorbeeld om die Shabbatsgebod te minag, ken God nie en verstaan ook nie dat Yeshua **nie gekom het om die wet tot niet te maak nie**, maar om dit te bevestig en nuut te maak (Matt. 5:17)!!

Yeshua het **nie net** gekom om vir jou en my sondes te sterf nie – soos wat die kerk leer nie! Nee, hy het ook gekom om die Vader se wet te bevestig en nuut te maak – dit te bevestig en te bekragtig soos YHVH dit aan Moses gegee het!!

Hierdie woorde van Johannes (1 Joh. 3:3 tot 8) is bevestiging van wat Yeshua die mense geleer het toe Hy gesê het:

Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk! Matt. 7:21 tot 23 – PWL.

Wie ‘n oor het, hoor dat Yeshua sê dat Hy diegene wat teen die Torah werk, naamlik wat wetteloos lewe en wat Torah verwerp, nie ken nie! Young’s literal Translation van 1898 lees soos volg: *and then I will acknowledge to them, that I never knew you, depart from me ye who are* ***working lawlessness****.*

Dan lees ons ook in Heb. 10:26 tot 28 die volgende:

Want as ons ***opsetlik sondig****, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar ‘n verskriklike verwagting van oordeel en ‘n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;*

Diegene wat opsetlik YHVH se Torah oortree, sterf sonder ontferming en sal in die vuurgloed van YHVH se oordeel verteer word!! Opregte bedoelings en goeie hoedanighede (die vrug van die Gees) gaan niemand hiervan red nie!! Nee, geloof in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah is jou en my redding!

Luister wat sê Salomo:

Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is ’n verwerplikheid. Spr. 28:9 – PWL.

Diegene wat moedswillig YHVH se Torah oortree, en wat hulself as vry daarvan beskou, se gebed is vir Vader-God verwerplik – ‘n gruwel! So ‘n persoon is mislei en bedrieg homself (haarself) om oortuig te wees dat alles wat hy (sy) in die gebed vra sal hy (sy) ontvang op grond van geloof!

Dan is ons ook almal bekend met die eerste deel van Hos. 4:6, naamlik: *My volk word vernietig weens ‘n gebrek aan kennis*, maar ons laat na om die res van hierdie teksvers te lees, naamlik: *Omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp.* ***Aangesien jy die wet (die Torah) van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.***

Elkeen wat Yeshua as Messias bely, maar wat die kennis (die insig, toepassing en wysheid) van YHVH se Torah verwerp, sal nie as priester van YHVH diens doen nie. Sulke ouers plaas ook ‘n vloek op hulle kinders, want YHVH-God sê dat Hy hulle kinders sal vergeet! Elkeen wat bely en glo om deel van YHVH se koninklike priesterdom te wees (1 Pet. 2:9), maar wat YHVH se wet verwerp, word dus nie as priester, en daarom ook nie as kind gereken nie! So ‘n persoon word deur sy hart (sy verstand, wil en emosie) mislei omrede geglo word dat hierdie teksvers nie op hom (haar) van toepassing is nie! In die verband het Salomo gesê:

Daar is ’n lewenswyse wat vir ’n mens reg lyk, maar die einde daarvan is die lewenswyse van die dood. Spr. 14:12

Wat op die oog af reg lyk en reg voel en reg klink kan misleidend wees! Die mens se wil, denke en emosie kan misleidend wees, veral as dit nie aan YHVH se Torah gemeet word nie. Talle goedbedoelende mense is oortuig dat hulle '*saak met die Here reg is*', maar hulle is mislei, want hulle minag YHVH-God se Torah!!

Hoe kan 'n persoon wat getuig van wedergeboorte voortgaan om moedswillig YHVH se gebooie te minag? Gaan die oomblik van wedergeboorte dan nie gepaard met 'n gebed waar vergifnis van sonde gevra word nie? Is die genade van vergifnis dan 'n vrypas om voort te gaan om YHVH se Torah te minag, of is dit die begeerte om voortaan in alles aan Vader-God gehoorsaam te wees? Luister wat sê Paulus in Rom. 6:1 en 2:

Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word? 'n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? (PWL)

Onthou ook dat Paulus gesê het dat ons geloof in Yeshua as Messias nie die wet (die Torah) tot niet gemaak het nie, maar dit bevestig het (Rom. 3:31).

Dawid sê in Ps. 19:14 die volgende

Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding.

Enige een wat bely dat hy (sy) wedergebore is deur geloof in Yeshua as die Messias en YHVH se Torah minag is mislei! Dit kan as 'n 'geestelike miskraam' gereken word. So 'n persoon rig sy eie geregtigheid op en ken nie die geregtigheid van YHVH-God nie. In sy tyd het Paulus dit ook van sy volksgenote gesê:

Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Rom. 10:1 tot 3

Hiervolgens is dit duidelik dat daar diegene is wat YHVH se geregtigheid ken en doen en daarom deur YHVH as geregverdig verklaar word. **MAAR** daar is diegene wat nie YHVH se gerergtigheid ken en doen nie en daarom hulle eie geregtigheid oprig en hulself as regverdig verklaar. Die wat nie YHVH se geregtigheid ken en doen nie is mislei!!

Die mens wat in sy hart glo dat Yeshua die Messias is en dit met sy mond bely, maar YHVH se Torah verwerp word deur sy verstand, wil en emosie mislei.

Yeshua het tog duidelik opdrag aan elkeen gegee toe Hy gesê het:

*Maar soek eers die koninkryk van God **en Sy geregtigheid**, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*. Matt.6:33

Om YHVH se geregtigheid te soek, is om die betekenis (definisie) daarvan te verstaan en om te strewe om daaraan te voldoen!

YHVH se geregtigheid is vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis van sonde en versoening met Vader-God, en wat dan opgevolg word deur ‘n leefwyse van gehoorsaamheid aan Torah – ‘n leefwyse as geregverdigde. Diegene wat YHVH se geregtigheid doen is hulle wat die gebooie (die Torah) van God bewaar en die getuienis van Yeshua Messias hou (geloof in Yeshua as Messias bewaar) (Jes. 8:16 en 20; Open. 12:17; 14:12 en 19:10).

Deur die genade in Yeshua is jy en ek met Vader-God versoen. Dit is egter ons verantwoordelikheid om voortaan as geregverdigde, naamlik as ‘n vrygespreekte van sonde, te leef. Ons wil tog immers nie weer aangekla en skuldig staan nie, en tog sekerlik ook nie die verhouding met ons Vader versteur nie. Ons wil ook nie meer ‘n slaaf van die sonde wees nie, maar ‘n dienskneg van die Allerhoogste. Elkeen wil sy liggaam aan YHVH beskikbaar stel as ‘n lewende, heilige en welgevallige offer (Rom. 12:1).

As gehoorsame kind in die huis van ons Vader moet ons ons ten volle aan Sy gesag (‘huisreëls’, wette) onderwerp. Ons moet na Sy onderrig en instruksies luister en daarvolgens lewe, want ons weet dit is Wysheid en dit is alles vir ons eie welsyn en omdat Hy ons liefhet. ‘n Gehoorsame kind deel tog immers in al die seëninge van die huis waarin hy bly al maak hy (sy) soms foute (sondig) weens swakhede en onkunde.

‘n Meer volledige bespreking van YHVH se gergetigheid kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?p=963

Opregte bedoelings en ywer vir YHVH-God vervang nie gehoorsaamheid aan Torah nie en is dus nie gelykstaande aan sonde vergifnis nie!!!

Indien ons Vader-God se Torah moedswillig oortree, soos byvoorbeeld die gebod van die Shabbat, is ons ‘n gewoonte sondaar wat die loon van die sonde sal ontvang, naamlik die dood (Rom. 6:23) – die helse vuur!! Al word Yeshua as die Messias bely, maar YHVH se Torah word as uitgedien verwerp, gaan opregte bedoelings en goeie hoedanighede, asook ywer vir God niemand van YHVH se oordeel red nie!!

Oordeel ek oor wie gered is en wie nie gered is nie? Nee, want alleen YHVH-God besluit oor dit. Ek blaas net die shofar van waarskuwing dat nie jy of ek te selfversekerd moet raak oor ons redding nie! Ons moet seker maak dat ons YHVH se geregtigheid ken en doen, naamlik vertroue in Yeshua as Messias tot sondevergifnis en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah. Laat ons elkeen ons eie heil met vrees en bewing uitwerk (Fil. 2:12).

Maar wees hiervan verseker: Talle mense met opregte bedoelings en met goeie hoedanighede, asook met ywer vir YHVH-God en wat bely dat Yeshua die Lam van God is, eindig in die hel omrede hulle die liefdevolle onderrig van Vader God – Sy Torah – verwerp het!!

Gaan jy en ek slegs toekyk hoe ‘n blinde ‘n lewensgevaarlike situasie tegemoet gaan. Nee, ons sal hom waarsku en konfronteer met die waarheid. Sal ons stilbly omrede ons glo dat sy opregte bedoelings en ywer hom van ‘n gewisse dood sal red? Is dit om te oordeel as ons vir die blinde waarsku om te stop, want hy gaan sterf indien hy aanhou stap op die pad na die afgrond van gewisse dood?

Geliefdes, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir my mede goedbedoelende broers en susters rig, is dat hulle God se geregtigheid sal ken en sal ophou om hulle eie geregtigheid op te rig.

Onthou die volgende waarhede:

Satan is only satisfied when he makes darkness looks like light.

In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What’s left is then the facts – Joseph Dumond

The kind of deception Satan loves best is the one that looks as close to the truth as possible – Norman Willis

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. 1 Joh. 2:3 tot 5.

Onderaan hierdie skrywe is ‘n profetiese woord deur David Weber wat ek glo aansluit by dit wat in my hart is. Lees dit biddend!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Prophetic Word by David Weber 20th Jan 2007

I apologize to those people who are getting more e-mail now than they care to read. The word at times seems to come as a rushing mighty river, and I have to just yield to the strong current of the Spirit. This piece is a reissue of a prophetic dialogue that I had with the Lord a while back. Some of you will probably remember it. This should be able to be heard on a deeper level now though, now that the Lord has brought a clearer vision to the calling, commission, and sacrifice of an

Elijah/Bride remnant. One other thing that I feel the need to say here is this: If you are a preacher/teacher/pastor who still teaches the traditional escape rapture theory, you really need to stop that now, or at least, get on your face before God so that you might find out from Him if you should really be teaching such things. I personally, would hate to be held accountable before God for leading His sheep astray in the day that should have been their preparation for glory. David

A Prophetic Dialogue

"Lord, many people in this day do not understand the manner of your coming to prepare them for the Day of the Lord, and so they often attribute your coming to them as being from the devil; who, they think, is working through an unsanctified heart and intending to do them harm rather than good. These people think, 'Oh, that can't be my meek and mild Jesus. He would never speak to me or deal with me in such a way.' And in so thinking, they seem too often miss the day of their visitation and are then not able to reap the benefits of your coming to them." To this the Lord replied; "These people think that I have come to bring peace to the earth (even their earth) in this day; but I have not. No, I have not come to bring peace but a sword. My people want authority and power to rule over the nations, but they can't even rule over the ungodly nations that lurk within their own hearts and minds. Before My people can rule and reign over the nations of the earth on My behalf, before they can manifest MY glory, I must rule over ALL areas of their minds and hearts with My Iron Sceptre - which is My terrible Sovereignty."

I then said: "Lord, most Christians don't know You in this way, or understand the manner of your dealings with them so that you might fully reign in them." He said, "No, they don't. Most of My people have some understanding of My kindness, and they surely embrace that, but they have little to no understanding of My severity, which is also a part of My nature. They know very little of the Lord Who comes with eyes as a flame of fire and with feet as burnished brass, nor do they want to know Me in this way. They know very little of the One Who comes to them as the rod of iron which dashes the earthen pots to shivers, nor do they want to know Me in this way. They know very little of the One Who comes not to bring peace ... but rather a sword, which is the Word sent forth from My mouth to perform the vital surgery that is needed to save a church that has fallen into a critical condition - stricken by the cancer of carnality, complacency, and all manner of worldliness. But I am surely coming as I Am, and that to prepare a people for the great and dreadful Day of the Lord. In that coming I will be revealed to My own, and in My own, as I Am, and not as the enemies of the Cross have made Me out to be. I am coming as the Lion of the tribe of Judah through a prophetic voice which will ROAR with great authority; that which only comes out from the counsel of Almighty God Himself. These prophets are even now beginning to bring forth words of warning and exhortation to My people to prepare them for the days ahead."

"But Lord, many people believe that there are no vessels today through whom you can speak clearly. Where can clean and undefiled vessels be found through whom you can speak?" "The answer to that is through those whom I have brought through the process of almost unbearable heart-rending and heartache, disappointments and massive rejection, major setbacks and profound conflicts. That is the lifestyle inherent with the call of My true prophets ... a lifestyle designed to strip away all of the self-life so that I can speak freely through men... I have conscripted such men, and have now brought them to where they need to be. These have been brought out of the world and its values so that they can see things from MY perspective and thereby bring forth words so that others might see Me more clearly. These are not the pillow prophets which proliferate in the churches. No, men such as these are rarely found. These are those whom I have chosen specifically to pluck up and break down the things that are near and dear to men but are repulsive to Me. Men cling to their religious traditions, their heart idols, and their soul ties, for in these things they find their identity and for these things they fiercely contend. But I will send My

prophets to them who are called and commissioned by Me to pluck up, root out and destroy those dreadful things in their hearts. This is not an easy thing for men to do; to bring a destructive word to someone (even their own friend or brother) who cannot see that the work is a most benevolent one. No, that is why ALL fear of men must be stripped away from these prophets. If a man is not willing to speak the destructive word for Me, then he will not be used to speak My restorative word either. It was My prophets who were faithful to speak My word of exile and judgment to Israel who were given the privilege of speaking the creative word of restoration and return. And so it will be also in the end of this age. I am coming in the voice of My prophets ... and in that appearing; in that speaking, a divine standard will fall which will remove all pretence from the hearts of My people. A prophetic warning of great proportion is now coming to prepare a people for the Day of the Lord. This is the coming of Elijah.

-o-o-o-o-o-o-o-